UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 1.

DIE FAKTORE WAT LEI TOT DIE ONTDEKKING VAN DIE LYDENBURGSE GOUDVELDE

Vir die Voortrekker was sy wa sy tuiste, sy geweer sy beskerming en God sy Koning en leidsman. Al was daar geen openbare skole nie, het elke kind 'n deeglike onderrig ontvang in die Bybel en was veral die geskiedenis van Israel se uittog uit Egipte tot die aankoms in Palestina goed bekend, daar dit ooreengestem het met hulle trek uit die Kaapkolonie die onbekende in. Na die verskillende trekke in die binneland tot stilstand gekom het, het die Trekkers die omliggende land verken en aangesien hulle verwag het dat hulle in die omgewing van die Koningin van Skeba se goudmyne moes wees, het hulle ook ag gegee aan die moontlike ontdekking van minerale.

Kommandant A.H. Potgieter se verkenningstog na die Noorde vanaf Vetrivier in Mei 1836 is welbekend. Te Soutpansberg het hulle die trek van Louis Trichardt raakgeloop maar ook die moontlikheid van minerale ontginning opgemerk. By kaffers het hulle ringe te sien gekry wat uit goud vervaardig is, maar aan hierdie aspek het hulle eers aandag geskenk nadat hulle definitief gevestig was.

In 1838 stig Kommandant A.H. Potgieter die eerste dorp in die Transvaal aan die Mooirivier en ~~is~~ Potchefstroom is die eerste duidelike teken dat die trek noord van die Vaal ook tot stilstand gekom het. Die Trekkers was moeg van al hulle ontberinge en hulle het oral op plase langs die Mooirivier huise gebou en begin om lande te maak. Die nuwe dorp sou ~~onder~~ deur 'n Adjunkraad van die Volksraad van Natal ~~se~~ bestuur ~~en beskerm ing staan~~ word.

In 1843 word Natal deur die Engelse geannekseer en baie van die Boere kom toe na Transvaal om hulle ook hier te kom vestig.

Andries Pretorius het egter nog na die anneksasie van Natal daar bly woon sodat Potgieter nog alleen leier van die Trekkers noord van die Vaal was. Die eerste wat ~~hy~~ Potgieter doen na die anneksasie van Natal was om alle bande met Natal te verbreek en 'n ~~eie~~ aparte Republiek ~~in die~~ kom noord van die Vaal ~~bewe te vorm~~ totstand.

Potgieter sou nie lank in Potchefstroom bly nie, want na die bekendmaking dat die Britse Regering alle grondgebied suid van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die 25° S.B. lyn as Britse gebied beskou, ~~laat~~ verlaat hy die Potchefstroomers ~~netso in die stoek~~ en trek na Oos-Transvaal om 'n nuwe dorp Andries Ohrigstad te stig.

Hier sou Andries Potgieter en G. Ohrig, 'n direkteur van 'n Hollandse handelsmaatskappy dan onafhanklik van die Britse regering kon handeldrywe deur die Portugese hawe, Lourenco Marques. Al die burgers noord van die Vaal het egter nie saam met Potgieter getrek nie, en daar in Potchefstroom het 'n behoefte ontstaan aan die leiding van 'n bekwame persoon. Gert J. Kruger het as plaaslike kommandant, Potgieter se plek gevul maar hy kon nie alleen sake behartig nie daar hy onder Potgieter gestaan het en Potgieter op sy beurt te ver weg van Potchefstroom was.

Na ~~breedvat~~ onderhandeling met Sir Harry Smith in die Oranjerivier gebied trek Andries Pretorius in 1848 na die Transvaal om hom op sy plaas in die Magaliesberge te gaan vestig. Ongelukkig vir Pretorius verloor die burgers van die Vrystaat die slag van Boomplaas toe hy hulle wou gaan help om hulle onafhanklikheid van die Britse regering te verkry sodat hy met sy terugkoms in Transvaal deur Potgieter beskou is as die oorsaak daarvan dat die Engelse ook die Transvaal sal wil annekseer.

Na twee vergaderings, een te Hekpoort en een aan die Olifantsrivier besluit die burgers om die Transvaal te verdedig indien Sir Harry Smith dit in sy kop sou kry om hierdie gebied ook te annekseer.

In Oos-Transvaal het dit egter nie goed gegaan met die Trekkers nie. Baie persone het omgekom aan malaria en sodoende trek Potgieter na 'n gesonder streek (Zoutpansberg) en kry ons 'n nuwe dorp Lydenburg, in die Transvaal, wat ook die hoofstad van die Transvaal sou word ~~omdat dit die verskillende Boeregemeenskappe die beste kon dien as middelpunt~~.

A. Pretorius het gaandeweg invloed gewen sodat ons nou in 1850 twee erkende leiers in die Transvaal kry, naamlik, Potgieter wat teen inmenging met die Engelse was en Pretorius wat met onder-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Potgieter bly noord van die 25° S.B. lyn en Pretorius probeer die gebied noord van die Vaal maar suid van die 25° S.B. lyn red vir die Boere.

Gedurende 1851 onderhandel Pretorius en kommandant G. Kruger met Hogge en Owen en verkry hulle op 17 Januarie 1852 die Sandrivierkonvensie vir die Transvaal. Te Rustenburg waar die konvensie bespreek moes word (16 tot 21 Maart 1852) het daar amper burgeroorlog uitgebreek, maar gelukkig het Potgieter en Pretorius tot versoening gekom en word Potgieter en Pretorius albei gekies tot kommandant-generaal nadat die Sandrivierkonvensie aangeneem is.

Ongelukkig sterf Andries Potgieter in Desember 1852 en in sy plek word sy seun Piet Potgieter gekies as kommandant-generaal. Ook Andries Pretorius het nie lank hier na dieselfde pad as Andries Potgieter moes gaan en na sy dood op 23 Julie 1853 word sy seun M.W. Pretorius gekies as sy opvolger. (Albei, A. Potgieter en A. Pretorius is dood aan 'n siekte wat hulle op kommando opgedoen het).

Die onafhanklikheid van die Transvaal is dus wel verkry deur die twee groot Boere leiers, maar die voltooiing van die grondwet sou deur die jonger geslag gedoen moes word.

Ons kan dus verstaan dat daar tot op hierdie tydstip die Transvaal nog besig was om tot 'n staat te ontwikkel en dat persone nie aandag aan sulke sake soos minerale-ontwikkeling gegee het nie. Tog het die Transvalers in 1851 aan die Nederlandse stamverwante vertel dat die Transvaal moontlik goud sou kon uitvoer, maar dat vir die bewerking daarvan om dit vir die handel beskikbaar te maak, dit nodig sou wees om buitelandse hulp en mense met kennis te verkry.[1]

..Nou /.....5.

---

1) Argief Jaarboek vir S.A. Geskiedenis 1943 bladsy 79 uit Dr. D.J. Pieterse: Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836 - 1886.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TRANSVAAL



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nou breek daar 'n tyd van woeling in die Transvaal aan. Die nuwe grondwet moet opgetrek word en telkens het daar kafferonluste uitgebreek wat die Republiek se aandag geverg het. In Julie 1854 is Piet Potgieter oorlede en word Stephanus Schoeman in sy plek gekies as kommandant-generaal vir ~~Lydenburg~~ Soutpansberg en omgewing. Waar Piet Potgieter en M.W. Pretorius moontlik nog sou saamwerk, het Schoeman teen M.W. Pretorius te velde getrek. ~~Hy stig Lydenburg af en neem sy die Republiek, omdat hy~~ Schoeman en Pretorius het nie saamgestem ~~het~~ met die kerklike reëlings nie, en het verder ~~daarby~~ verskil ~~het~~ in verband met die advies wat M.W. Pretorius oor die opstel van die grondwet ingewin het ~~nie~~.

Selfs nadat die nuwe grondwet in Desember 1856 te Potchefstroom aangeneem is, verwerp Schoeman dit en toe word daar gekla dat Zoutpansberg en Lydenburg niks van die daarstelling van die grondwet geweet het nie.

Nou het M.W. Pretorius ook nog probeer om president van die Oranje-Vrystaat te word en het dit gelyk asof burgeroorlog onvermydelik is. Die Vrystaat en Schoeman was op die punt om Pretorius aan te val.

Sake word egter besleg en in 1857 kry ons dus weer rus in die Transvaal. Die regering van die Republiek kon nou ook op ander gebiede hulle aandag skenk. Potchefstroom word nou amptelik die hoofstad van die Suid-Afrikaanse Republiek met Rustenburg en die pasaangelegde Pretoria as distrikte.

In ~~Januarie~~ Februarie 1858 tree ~~die Republiek van~~ Zoutpansberg toe tot die Z.A.R. en in April 1860 volg Lydenburg hulle voorbeeld. Nou was die Zuid Afrikaansche Republiek 'n hegte eenheid maar sonder 'n bevoegde persoon om leiding te gee want M.W. Pretorius het hom as president van die O.V.S. verkiesbaar gestel in die plek van President Boshof en vir 5 jaar gekies.

(Pretorius was tot op hierdie tydstip ook president van die Z.A.R. maar die burgers was so verbitter deur sy handelwyse dat hy as president van die Transvaal bedank het).

In die Transvaal word J.H. Grobbelaar gekies as Waar-

..nemende /.....6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nemende president maar Schoeman was weer hierteen gekant sodat Paul Kruger tussenby moes kom te Pretoria, die nuwe hoofstad, om Schoeman te oorreed om 'n nuwe verkiesing uit te skrywe. In 1862 word Willem van Rensburg waarnemende president en in 1864 word M.W. Pretorius weer gekies tot president nadat hy in die Oranje Vrystaat bedank het.

M.W. Pretorius was 'n groot figuur en het getrag om die twee aparte Boere-republiek saam te smelt tot een. Ongelukkig was die tyd daarvoor nog nie ryp nie.

Met al hierdie staatsaangeleenthede was daar tog persone wat hulle beywer het om minerale in die Transvaal op te spoor.. Vanaf so vroeg as 1853 het prospekteerders oral rondgesoek na goud en ander edel metale. Die persoon wat eerste die Volksraad se aandag op die minerale rykdom gevestig het, was Pieter Jacob Marais. In die persoon van M.W. Pretorius sou ander goudsoekers ook 'n ondersteuner van hierdie sy van die staat se ontwikkeling kry. Op 1 Desember 1853 rig Marais 'n brief aan die Volksraad en vra hulle toestemming om in die Transvaal na betalende goudvelde te soek.[2]

Pieter Jacob Marais was 'n Kolonialer van geboorte. In sy 23ste jaar (1849) het hy sy Vaderland vaarwel gesê en na die goudvelde van Calefornia vertrek. In die Verenigde State van Amerika het hy burger geword van daardie staat en begin soek na goud langs die Yubarivier. Na heelwat ontberings in die vreemde verlaat hy op 29 Desember 1851 Amerika op pad na Victoria in Australië.

In Australië het dit ook nie te goed gegaan met Marais nie en op 3 September 1853 tref ons hom te Potchefstroom in die Transvaal aan waar hy ook dadelik begin soek na goud.[3]

..Met /.....

---

2) V.R. 371/53.

3) Preller: Ons Goud Roman, bld. 23 - 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met sy brief van 1 Desember aan die Volksraad het hy hulle belangstelling gaande gemaak en word aan Marais 'n onderhoud toegestaan op 3 en 4 Desember.[4] Hy laat die lede van die goud-korreltjies sien wat hy aan die Jukskeirivier gevind het en hy beduie hulle dat, volgens sy mening, die Transvaal ryker is aan goud as Australië en Amerika tesame.[5]

Hierna gaan die Volksraad 'n ooreenkoms met Marais aan om na goud te soek teen 'n beloning van £500 as hy 'n betalende goudrif sou ontdek. Marais moes egter sy ontdekkings geheim hou want die doodstraf sou self toegepas word by verklapping van die goudgeheim".[6]

Vanaf sy ooreenkoms met die Volksraad 6 Desember 1853 tot 15 Junie 1855 soek Marais oral in die Transvaal rond na goud maar kon geen noemenswaardige goudmyn raakloop nie. Marais was tot in die Noorde en Noord-Ooste van die Republiek (Spelonke en Marabastad,[7]) maar nadat die Volksraad te Rustenburg besluit het dat Marais se soektogte onbenullig was, het hy hom onttrek aan verdere ontdekkingstogte.

Die idee van geheimhouding van die minerale rykdomme van die Republiek is gaandeweg ook verander en is d.m.v. Professor Lauts in Nederland kragte gesoek om die minerale van die Republiek te ontgin. Daar is heelwat gewerk aan lood te Blouberg naby die latere Pietersburg en aan yster en tin in die Randberg naby die latere Potgietersrust.

Tot 1860 word daar geen melding gemaak van goud nie, alhoewel ons die bepaling kry dat die regering 1% uit die opbrengs van lood, yster en tin kry.[8]

..Hierdie /.....8.

---

4) Ibid, bld. 26

5) Pieterse: Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836 - 1886. Argief Jaarboek 1943 bld. 80.

6) Ibid, bld. 81.

7) Preller: Ons goud roman, bld. 27.

8) Uitvoer. Raadsbesluit art. 25, d.d. 11 April 1860.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie toestand duur voort totdat ons in 1866 na aanleiding van die ontdekking van goud deur D.F.J. Steyn,[9] die volgende mynwet raakloop. „Dat elke hierboven vermelde maatschappy verpligt zal zyn om wanneer by de uitdelving van voorgemelde metalen, edele metalen gevonden worden, daarvan aan de Regering onverwyld kennis te geven, opdat daaromtrent bepalingen kunnen worden gemaakt".[10]

As ons artikel 2 van ordonnansie No. 5, 1866 nagaan word lood, koper, yster, tin en dergelyke genoem. Die goud wat Steyn dus op sy plaas ontdek het was nog nie belowend genoeg om wette aangaande goudmyne daar te stel nie.

Wat die goudontdekking in Transvaal 'n geweldige stoot vooruitgegee het was die koms van Karl Gottlieb Mauch, 'n Duitser, na Transvaal in 1865.[11] Nadat Mauch in 1865 te Rustenburg aangekom het, het hy kennis gemaak met Fred Jeppe en is in 1865 saam met Jeppe na Potchefstroom. Vanuit Potchefstroom onderneem Mauch twee reise na die binneland van Suid-Afrika en op sy tweede reis 1867, ontdek hy goud aan die Tatirivier 'n sytak van die Shashirivier. Hierdie ontdekking word bekend gemaak in „The Transvaal Argus" en trek die aandag van Engeland en Europa vanwaar hy nou gelde like ondersteuning kry.

Sy derde reis was na die toe nog onbekende SIMBABWE RUÏNES, waarvan Mauch toevallig te hore gekom het, in 1868. Hy kon egter nie sy planne ten uitvoer bring nie weens kafferonluste en keer van Nylstroom na Pretoria terug om vandaar na Lydenburg te gaan. Hy word vriendelik ontvang deur twee Duitse Sendelinge Merensky en Nachtigal wat hom voorsien van vervoermiddele. By die sameloop van

..die /.....9.

---

9) Pieterse: Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836 - 1886. Argief Jaarboek 1943, bld. 97.

10) De Locale Wetten der Z.A. Republiek 1849 - 1885, p. 295.

11) Vir volledige lewensbeskrywing oor Mauch sien Pieterse: Die geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836 - 1886. Argief Jaarboek 1943 bld. 105 - 115.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Olifantsrivier en die Selati vind hy tekens van die aanwesigheid van goud maar hy het ongelukkig nie 'n deeglike ondersoek gemaak nie omdat hy op hierdie tydstip koers onder lede gehad het.

Na heelwat ontberings kom hy in Mei 1869 weer in Potchefstroom aan en vertrek 'n jaar later, 1870, na Delagoabaai waar hy 'n kaart maak van die gebiede wat hy besoek het in Suid-Afrika. Dieselfde jaar keer hy weer terug na Potchefstroom.

In 1871 onderneem hy sy vierde reis na die binnelande en besoek die Simbabwe Ruines. In 1872 verlaat hy Suid-Afrika en keer terug na Europa waar hy 1875 oorlede is.

Mauch was dus nie bewus 'n goedsoeker nie maar met sy verslae oor betalende goudvelde het hy Marais se bewerings gestaaf dat die Transvaal betalender goud gehad het as die Verenigde State en Australië. Dit het die oë van fortuinsoekers na die Zuid Afrikaanse Republiek laat draai en weliswaar sou heelwat van hulle in die Republiek aangetref word.

Ons moet hier ook wys op die feit dat die vrees, wat die inwoners van die Republiek, in die tyd van Marais, gehad het dat Engeland die Republiek sal annekseer as hulle te wete kom dat hier goud is, stadigaan verdwyn het.

President Pretorius was self belang gestel het in die minerale rykdomme van sy staat het in die ontginning van ryk goudvelde die ontwikkeling van die Republiek gesien. Die goudvelde sou mee bring dat meer geld die land sal instroom, gronde se pryse sal styg, die land sal betrekkinge kan aanknoop met die buiteland soos reeds genoem deur die Volksraad van 1851.

Na die ontdekkings van Mauch in 1868 moedig die President goudsoekers aan en belowe hulle beskerming onder sy regering.[12]

Die President het wel 'n poging aangewend om die Tati-goudvelde binne die grense van die Republiek te kry maar dit is in werklikheid nooit gedoen nie. Die enigste moontlike plekke in die Transvaal waar dus wel na goud gesoek kon word, was by die

..Jukskeirivier/..1

---

12) Pieterse: Die geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836-1886. Argief Jaarboek 1943, bld. 131.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jukskeirivier waar Marais in 1853 goud gevind het en in die omgewing van Lydenburg waar Mauch in 1868 die tekens gevind het by die saamloop van die Olifants- en Selatiriviere.

Die aanmoedigings van die President het spoedig aanklank gevind en wel van die kant van 'n paar Engelse uit Natal.

Gedurende Julie 1869 het 'n sekere E. Button van Natal 'n reis deur die Transvaal onderneem en Lydenburg bereik. Saam met hom was Sutherland, 'n myner met ondervinding vanuit Calefornië, Nu Seeland en Australië en Parsons wat vroeër in Natal goud gedelf het.

Op pad na die plaas van 'n sekere Carl Trichard wat 25 tot 30 myl Noord van Lydenburg geleë was, het die geselskap in twee riviere, vermoedelik die Spekboom en 'n sytak, goud gevind. Dit was vermoedelik spoelgoud en nie in groot hoeveelhede teenwoordig nie, maar tog moes dit die geselskap se verbeelding gaande gemaak het, want nadat 'n sekere MacLachlan op die Trichardt se plaas by Button-hulle aangesluit het, het hulle, hulle waens en osse daar gelaat en is te voet na die westelike hellings van die Quathlamba gebergte (Drakensberg). Waar die Lepalula deur die berge kronkel het hulle weer na goud in die rivierbedding gesoek en 'n goeie neerslag gevind. Van hier is die geselskap noord-oos tot by die Salatirivier waar hulle weer spoelgoud gevind het, maar omdat hulle die waens wat op pad was na die Spelonke in Zoutpansberg wou inhaal, het hulle nie deeglike ondersoek ingestel nie.[13]

Button is nog van hier verder noordwaarts terwyl MacLachlan vermoedelik terug is na Lydenburg waar hy vir hom die plase Geelhoutboom en Graskop gekoop het en hom daar gevestig het.

Button is in Oktober 1869 weer terug na Lydenburg

..maar /.....11.

---

13) Thomas Baines: The gold regions of S.E. Africa p. 74.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar in Junie 1870 onderneem hy sy tweede tog noordwaarts en hy begin prospekteer op sy plaas Eesterling in die Marabastad-distrik. By Lydenburg is dit betreklik stil, behalwe dat Button op 2 Januarie 1871 'n brief rig aan Landdros A.F. Jansen waarin hy aanspraak maak op beloning vir goudontdekking namens hom, MacLachlan en Sutherland. Die velde sou volgens Button 5 dag-reise ten noorde van Lydenburg gewees het.[14]

Hierdie skrywe van Button was as gevolg van 'n Volksraadbesluit, 21 Desember 1870 wat as volg gelui het: „De Raad besluit de Regering te magtigen om billyke belooningen uit te loven voor het vinden van edelgesteenten en edele mineralen, zooals goud, zilver, ens; volgens de voorgelegde regulatie voorlopig te handelen en by de volgende zitting een ontwerp van wet omtrent een en ander in te leveren."[15]

In dieselfde jaar 14 Junie het die Volksraad alreeds die aandeel wat die Regering sou kry uit die bewerking van diamant- en goudmyne bepaal. Waar vroeër net 1 persent op tin, lood en yster se bewerking na die regering sou gaan, word in hierdie byvoeging by die reeds bestaande mynwette bepaal: „de percenten op diamanten zullen zyn 6 percent van die waarde gerekend tegin £3 per karaat van welk gewigt of waarde ook, 3 percent van andere edelgesteenten, 5 percent van goud en 2½ van Zilver van de netto waarde".[16]

Button se brief is deur Jansen na Pretoria aangestuur waar dit in die staatskoerant gepubliseer is en die Uitvoerende Raad besluit het om 'n aantekening te maak van hulle aansprake.[17]

..Button/.....12.

---

14) R 77-/71 (S.S. Stukke).

15) De Locale Wetten der Z.A. Republiek 1849 - 1885, bld. 414.

16) Ibid, bld. 391.

17) Pieterse: Die geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836 - 1886. Argief Jaarboek 1943 bld. 135.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Button gaan later self na Pretoria waar hy die Volksraad op hoogte bring van sy ontdekking en verder verwys na betalende goud op die plaas Eersteling in die Marabastad-distrik. Te Lydenburg was alles nog stil totdat in 1871 'n vennootskap gestig word met die naam „The Lydenburg Gold Prospecting Company (Ltd.)"[18] Hierdie vennootskap wou 'n deeglike ondersoek instel in die Lydenburgse distrik en probeer vasstel of daar betalende goudvelde is. Die regering het ook belang gestel in die vennootskap geldelik ondersteun.[19]

Die regering maak nou ook voorsiening vir die beheer en bestuur van plekke waar edelgesteentes en edelmetale in die Republiek gevind mag word. Die Volksraad besluit op 26 Oktober 1871 dat die volgende artikels neergelê word:

(a) Dat die mynregte aan die staat behoort.

(b) Indien die ontdekker nie dadelik kennis van sy ontdekking gee nie, hy sy beloning sal verbeur.

(c) Kennisgewing moet aan die Landros of daartoe gemagtigde amptenaar gegee word, wat op sy beurt die Regering daarvan in kennis sal stel.

(d) Op ontvangs van die kennisgewing sal die Regering ondersoek instel en bepaal of die goud in betaalbare hoeveelheid teenwoordig is, waarna 'n kommissie om beheer uit te oefen aangestel sal word.

Hierna volg die volgende Presidentsverkiesing en die Republiek het nie veel aandag aan die goudvelde kon gee nie. President Thomas Francois Burgers word met 'n groot meerderheid in die plek van President M.W. Pretorius gekies en kort na sy inswering as President wat op 1 Julie 1872 plaasgevind het, tref ons die volgende wetgewing aan: Die bedrag vir ontdekking van 'n betalende goudveld is £500 as meer as 3,000 lisensies binne 12

..maande /.....13.

---

18) Staats-Coerant der Z.A. Republiek, d.d. 28 Maart 1871.

19) Uitvoerende Raadsbesluit art. 86, d.d. 14 Julie 1871.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maande uitgegee word. - Nie meer as een beloning sal gegee word binne 60 myl vanaf die ontdekte plek nie.[20]

Voorheen was die beloning vir die ontdekking van betalende goudvelde:

£500 - as 500 onse goud in 12 maande opgelewer word.

£750 - as 500 tot 1000 onse goud in 12 maande opgelewer word.

£1000 - as 1000 en meer onse goud in 12 maande opgelewer word.[21]

Dat goud nou in die Republiek aanwesig was, was seker en die Staat het op die beste manier probeer om sy belange te beskerm. Die landdroste moes optree as bemiddelaars tussen ontdekkers en die Staat. Die Staat weer sou belonings uitreik vir goudontdekking maar sou wel sorg dat daar eers grondige ondersoek na die betaalbaarheid van die goudvelde ingestel word.

Soos reeds genoem is daar 'n vennootskap gestig. „The Lydenburg Gold Prospecting Company (Ltd.)" wat 'n ondersoek in Lydenburgse distrik wou loods, maar nog voordat ons enigiets van hulle werksaamhede te hore kom, rig die Landdros van Lydenburg op 5 Februarie 1873 die volgende brief aan die Staatspresident en Uitvoerende Raad, Pretoria:

„Deze diene ter Uwer Kennisgeving dat door de Heeren G.R. Parsons, Thomas McLachlan en J.L. Valentine - alluvial goud is gevonden 6 uren te paard te oosten van't dorp Lydenburg - onder de 2 monsters door my gezien bevind zich een Nugget van ongeveer two penny weight en verschiedene fraaye stukjes goud zoo groot en eenigzins kleiner als een kleine erws - Genoemde Heeren hebben aanzoek gedaan om te Registreren sekere gronden om in't vervolg wanneer mag blyken dezelve genoegzame quantiteit goud op te leveren de Praemie door't Gouvs daartoe vastgesteld te mogen genieten.

..DE /.....14.

---

20) De Locale wetten der Z.A. Republiek 1849 - 1885, pp. 465 - 468.

21) Staats-Coerant der Z.A. Republiek d.d. 31 Januarie 1871.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

De gronden door hun gewenscht wordende te registreren zyn gelegen ten Oosten van't dorp Lydenburg tusschen de twee afzetten die de Drakensberg ten oosten heeft vanaf hier gerekend nl. vanaf de 2 genoemde randen.

Een volledig rapport als mede monsters van't goud zyn my beloofd geworden in den loop van toekomende week als wanneer dezelve terstond door my u zullen worden toegezonden".[22]

Die Thomas McLachlan is dieselfde persoon wat reeds in 1869 in geselskap van Button goud nagespoor het in Lydenburg. Hy het later vir hom twee plase, Geelhoutboom en Graskop in Lydenburg gekoop en vanaf 1869 tot 1873 het ons niks van hom gehoor nie. Dat hy gedurende hierdie tyd wel na goud gesoek het op sy plase kan afgelei word uit sy rapport aan Landdros A.F. Jansen. Of McLachlan al in 1869 op die genoemde twee plase goud bespeur het en toe gekoop het is nie duidelik nie maar wel moontlik. McLachlan kan ook gewag het met die bekendmaking van sy ontdekkings tot 1873 toe die beloning vir goudontdekking gunstiger was as in 1869. Uit die rol wat McLachlan later in Lydenburg sou speel blyk dit dat hy nie juis delwer was nie, maar prospekteerder en dat hy nie agter die winste van die gedelfde goud so seer was nie as die beloning vir ontdekking van goudvelde.

Op 17 Maart 1873 rig A.F. Jansen 'n verdere skrywe aan die President en Uitvoerende Raad en aanvaar Jansen sy aanstelling as Goudkommissaris. Dit blyk dus dat die Volksraad deeglik belang gestel het in die ontdekking van die here Parsons, McLachlan en Valentine en Jansen gelas het om nog meer besonderhede te stuur. Jansen was toe self na die goudvelde en berig as volg: „ik heb my tot eigen overtuiging begeven naar de plaas waar het alluwial goud zoude gevonden zyn door de Heren McLachlan, Parsons en Valentine en heb bevonden dat de Resultaten verreweg overtreffen het geen door my aan U'Ed word ge-

..melden /.....15.

---

22) Landdrosbrieweboek van Lydenburg. Vol. 20 – 1873

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

melden by myne impirie van 5 Februarie 1873. Met 4 myner kaffers gedurende 5 dagen al daar te hebben gewerkt bevond ik my in't bezit van ¾ onze schoon alluwial goud, waaronder fraaye Nuggets-verschiedene menschen zyt aldaar reeds werkzaam die allen wel voldaan zyn - niet een daarvan keert met ledige handen huiswaarts. De Contry is zeer gezond voor paarden en schapen en doorsnede met fraaije rivieren en houtboschen - Daar elk oogenblik een groote toeloop van menschen zoowel uit Natal als elders verwacht wordt, acht ik het raadzaam dat het Goevt. zich daarmede bemoeiye. Ik zal in myne capasiteit as bovenvermeld steeds het Goevt. daaromtrent rapport in zenden. Nog moet ik U.H.Ed. mededelen dat zekere man Abel Erasmus voorleden wyk 3½ onse alluwial goud verkocht aan den Heer J.N.R. James voor £8 en een stukje aan den Heer de Sauza voor 10/- door hem verkrygen in 5 of 6 dagen - genoemd goud is naar Natal verzonden, weerwaarts reeds meerdere monsters zyn gegaan.

Het pad van hier derwaarts is hetzelfde door ons vroeger gemaakt om naar Delagoabaai te gaan met weinige veranderingen is het zeer goed te gebruiken".[23]

Op 18 Maart 1873 skrywe staatsekretaris Swart aan Jansen dat die regering verwag dat hy met elke pos berigte aangaande die nuwe goudvelde moet stuur. Hy moet rapporteer hoeveel goudgrawers daar is, van welke nasionaliteit, hoe hulle gevoelens is omtrent die regering en die omliggende kafferstamme en wat die vondse is.[24]

Ook word in Maart die volgende verandering in die Mynwet gemaak: „De Raad besluit art. 181 van Volksraadbesluit van 14 Juny 1870 te wyzigen en te lezen, in plaats van de woorden „vyf persent voor goud", twee shillings en sixpence per once Engelsch gewight, voor goud.[25] Hierdie verandering moet gemaak wees

.. as /.....16.

---

23) Ibid.

24) B.B. 18 Maart 1873.

25) De Locale Wetten der Z.A. Republiek 1849 - 1885 Art. 39 bis 475

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as gevolg van die verslae van Jansen waarin hy die waarde van die goud wat gevind is in terme van onse noem.

Die saak van die goudontdekking is nie alleen deur die President behandel nie, maar in die Volksraad en Uitvoerende Raad bespreek waarna die volgende proklamasie in die Staatskoerant verskyn: „Nademaal aan de Regering van de Zuid Afrikaansche Republiek, voldoende bewys is geleverd van de ontdekking van betaalbare goudvelden in de wyk Chrigstadsrivier, distrik Lydenburg.

Zoo is het, dat ik Thomas Francois Burgers, Staatspresident der Zuid Afrikaansche Republiek, met advies en consent van de Uitvoerende Raad, verklaar en proclameer: de wyk Ohrigstadsrivier, distrik Lydenburg als opengesteld voor goudgelving, onder de bestaande wetten en bepalingen dezes lands.

Gegeven onder myne hand en zegel op heden den Veertienden dag de maand Mei, des jaars Een Duizend Achthonderd Drie en Zeventig, ten Goevernements kantore, te Pretoria".[26]

Die Staat het ook dadelik maatreëls getref vir die handhawing van rus en orde en beskerming van persone en goedere.[27]

Landros A.F. Jansen moes in die kapasiteit van Goudkommissaris die pas ontdekte goudvelde bestuur en beheer. Hy is dan ook self na die delwerye en het op die plaas Hendriksdal, 5½uur te perd ten ooste van die dorp Lydenburg gesoek na goud. Die monsters wat hy gekry het, het hy aan die Uitvoerende Raad gestuur wat dit weer aan hom moes terugstuur of op 'n tentoonstelling plaas.[28]

Alles het egter nie te voor die wind gegaan op die goudvelde nie. Die delwers het gemeen dat die goudstukke oral versprei gelê het net vir optel en toe goud nie in sulke groot hoeveelhede gekry is nie, het daar 'n gees van ontevredenheid geheers en het baie gemeen dat die velde nie betalend is nie.

..Andere...../17.

---

26) Staats-Coerant der Z.A. Republiek No. 476 d.d. 3 Junie 1873.

27) Voetnoot, De Locale Wetten der Z.A. Republiek 1849 - 1885 bld. 538.

28) Landros brieweboek van Lydenburg vol 20 - 26 Maart 1873.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Andere het weer gekla oor die skaarsheid van lewensbehoeftes, skaarste aan werksvolk, die veld wat afgebrand is en die kort dae.[29]

Die Republiek het wel die goudvelde geproklameer maar kon nie instaan vir die persone om 'n bestaan te maak nie. Die feit dat hulle kla oor alles wat hulle weerhou om 'n fortuin te maak, het voorspel dat die groep op die goudvelde moeilikheid sal oplewer.

Jansen wil dan ook dat daar iets moes gepubliseer word om andere te waarsku wat nog van plan is om na Lydenburg te verhuis. Van Lydenburg was daar geen pad na die delwerye en kon kos alleen op die moeilikste manier na die velde gebring word. Huise was uit die kwessie en die delwers kon geen sink kry om te bou nie. Myngereedskap moes van elders kom en as dit nie saamgebring was nie, was daar nie moontlikhede vir werk nie. Hy meen dat as iets gedoen kan word om die ontberings van die mense te verlig die toestande hopelik sal verbeter.[30]

Die toestande het wel verbeter maar tog was daar persone wat sweer dat hulle alles sal afbrand. Daar is 'n „nugget" van 32 „penny weight" gekry en 'n persoon het op een dag 2½ onse goud gekry. Die lewensmiddelle was nog skaars vir die 180 delwers wat toe reeds op die delwerye was.

Vir Jansen het die goudvelde 'n probleem geword omdat hy klagtes en dreigemente moes aanhoor sonder juis enige mag om orde te handhaaf. Hy beveel aan dat 'n sterk mag moet benoem word om ingeval nog meer goud gevind word die „rebel personen waarmee jy veel te doen kry" in toom te hou. Die posisie het vir hom te moeilik geword.[31]

Hierop het die Regering gereageer en Jansen opdragte gegee om 'n komitee op die delwerye saam te stel wat „claims" moes uitgegee en wette en regulasies moes opstel.

..Op /.....19.

---

29) Landrosbrieweboek van Lydenburg 9 Junie 1873. - Vol. 20

30) Ibid.

31) Ibid. d.d. 17 Junie 1873.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 20 Junie rapporteer Jansen dat sake op die velde verander het. Die gees van ontevredenheid is vervang deur opgeruimdheid en lus om te werk. Sedert sy laaste besoek het hy nie 'n enkele persoon hoor kla nie. Almal is vol moed en weer tevrede. 'n Komitee vir handhawing van rus en orde is saamgestel. Hulle gee „claims" uit, trek wette en regulasies op en 'n nuwe dorp is aangelê. Alles wag net op die koms van die Staatspresident om dit te bekragtig. Die 250 grawers het McDonald gekies as hulle kommissaris omdat hy nie gedurig op die velde kan wees nie.

„Daar die heer zich onder de Diggers seer populair heeft weten te maken en in verschillende moeyelyk gevallen, zyne positie heeft weten te handhaven, zoo zoude het goed zyn hem in die betrekking te laten". Daagliks word meer goud gekry en is daar geen twyfel in verband met die betaalbaarheid van die velde nie. Persone wil dit geheim hou om 'n „rush" te voorkom, weens die skaarste aan lewensmiddelle.[32]

Die goud was, soos reeds beskryf, op die plase Geelhoutboom en Graskop ontdek, maar baie gou is die beddings van die omliggende spruite getoets en oral is goud ontdek. Die delwerye noem hulle nou die „New Caledonia Gold Fields" met hoofkantore te Mac-Mac en nou word daar net gewag vir die koms van die Staatspresident om die voorlopige reëlings wat getref is te bekragtig.

Nou kom die vraag op hoe die delwers die goud uit die grond gekry het.

Volgens Mnr. W.G. Stein, geoloog van die Pelgrims Rust se huidige goudmyne kom die goud nie voor as rifgoud nie maar as „leierriwwe". Rifgoud loop in horisontale lae maar „leierriwwe" loop vertikaal en besit soms soliede stukkies goud. Waar die teenswoordige Pelgrims Rust is het sulke leierriwwe geloop maar met die eeue heen het dit verweer en met oorstromings is die grond weggewas om die Blyderivier te vorm op wie se walle Pelgrims

..Rust /.....20.

---

32) Ibid, d.d. 20 Julie 1873.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rust ontstaan het. Die goud wat swaarder as die grond is het afgesak en is neergelê in die vallei ("creek").

Hier het die delwers toe begin om die grond los te werk en met behulp van water, wat uit die rivier gekeer is en in vore na hulle werksplekke gebring is, het hulle die grond weer gewas in 'n soort sluiskas wat bestaan het uit 'n kas waarin klippe gepak is. Die water stroom by een punt van die kas in. Die losgrond word nou ook in die kas gegooi en met vurke of grawe geroer. Die water spoel van die grond oor die klippe in die boom van die kas en as daar goud in die grond is sak dit tussen die klippe af na die boom van die kas, terwyl die dooie grond aan die anderkant van die kas saam met die water uitspoel. Hoe smaller en hoe langer die sluiskas kan wees des te beter en hoe groter die kans om alle goudstof tussen die klippe op te vang. Na al die grond gewas is word die klippe uit die kas verwyder en die afsaksel in 'n delwerspan opgevang. Versigtig word die grond dan weer afgewas, as daar nog grond is en die skoon goudstof in 'n bottel gegooi. As daar miskien skoon stukkies goud in die grond was, dan het die water dit skoon gewas en kan die delwer dit maklik onderskei van klippies.

Teenswoordig is daar nog een hoë kop by Pelgrimsrust waar die leierriwwe voorkom en dus nog nie verweer is deur die natuur nie en hier haal die mynmaatskappy vandag nog skoon stukkies goud uit die grond. Die bewerking vandag is egter heelwat anders as voorheen en word die siamied proses soos in die Johannesburgse myne gevolg.

Vandag behoort die hele Pelgrimsrust en omgewing aan maatskappye en word geen private delwerye toegelaat nie. Die delwers werk nie meer vir eie voordeel nie maar vir 'n vaste salaris.

In 1873 het die delwers egter self gewerk en eers nadat delwers van Kimberley opgedaag het is naturelle in diens geneem. Die delwers uit Australië en die V.S.A. wat deur Natal en Lourenco Marques na die velde gekom het, het self gewerk en maats was hulle grootste hulp wanneer die werk nie alleen kon gedoen word nie,